


Vuyo en Unam

Arjan Bogaers


Vuyo en sy familie wat uit twee ouer broers en 'n jonger suster bestaan, woon in die Oos-Kaap aan die voet van die magtige Drakensberge. Rondom hulle dorp is golwende graslande en hoë berge en dit is moeilik om daar te stap. 'n Gewone motor sou op die skurwe gruispaaie sukkel en 'n 4x4, of selfs 'n bakkie, is buite die bereik van die familie. Maar hulle reken hulle het die beste vervoermiddel wat 'n mens kan hê, want hulle is geseën met 'n donkie met die naam Unam. In Xhosa beteken dit 'Hy is saam met my'.



Unam is 'n klein, grys donkie. Hy is so getrou soos net donkies kan wees. Hy is ook sterk en trek die karretjie waarmee die hele familie hulle sake doen. Dit sluit in om die grond te bewerk, inkopies te doen, 'n muur te bou en om produkte mark toe onder in die vallei te neem. Hulle gebruik Unam en sy karretjie vir alles.

Vuyo het die vorige week veertien jaar oud geword, daarom word hy vir die eerste keer toegelaat om alleen met Unam en die karretjie mark toe te gaan. Tot dusver het hy altyd saam met sy broer Thembisa gegaan, maar nou kan Thembisa by die huis bly om te studeer.

Vuyo is opgewonde terwyl hy en Unam die pad vat. Dis 'n heerlike helder dag en die karretjie is gelaai met mielies, sorghum en groente. Alles verloop goed op pad mark toe en Unam lyk baie gelukkig.



Vuyo verkoop alles by die mark en hulle neem 'n rukkies om eers te rus en te eet voordat hulle die pad terug aanpak. Hy eet geroosterde mielies en Unam wei aan die kort grassies langs die pad. Vuyo is rustig. Die enigste klanke is 'n effense windjie in die bome en Unam wat snork om die stof uit sy neusgate te blaas.

Om die karretjie teen die heuwel uit te trek, is altyd moeiliker. Daar is plekke waar die pad styl is met los klippe en 'n diep afgrond aan een kant. 'Omdat die karretjie leeg is,' dink Vuyo, 'behoort alles goed te gaan.' Hy word al hoe meer bekommerd oor die grys wolke wat in die lug saampak en die luggie wat al kouer word. Die weer was die afgelope tyd mooi en sonnig, maar donderstorms in die middag is nie buitengewoon nie.

Net toe hulle die pad terug huis toe vat, verdwyn die son. 'n Sterk wind begin waai. Bosse waai heen en weer. Vuyo dink hulle moet nou vinniger beweeg om voor die storm uit te kom. Hy skud die leisels en moedig Unam aan. Unam is 'n sterk donkie maar word ook al ouer, dus stap hy 'n ruk lank vinnig maar dan stap hy al stadiger. 'Mooi so, Unam,' sê Vuyo, 'jy doen jou bes en ons sal nou-nou by die huis wees.' Hy moet homself, net soos vir Unam, ook moed inpraat. Hier is hy vir die eerste keer alleen en dit word koud en donker. Dit gaan binnekort reën en dan is die pad modderig. Wat dan? Hy wil beslis nie in die modder vassit nie.

Hierdie gedagte maak Vuyo angstig en hy soek 'n plek langs die pad om gou 'n draai te loop. Ag, as hy net nie daardie tweede koppie tee saam met die ete gedrink het nie! Hy los die leisels en loop 'n ent weg langs die skuinste af, wetende dat Unam sal wag. Maar nou is hy haastig om in die pad te val, trap skuins en struikel oor los klippe.

'n Skerp pyn skiet in sy enkel op. Hy skree hard en val terwyl hy sy voet vasgryp. Dit voel vir hom asof hy nooit weer gaan loop nie. Hy lê, sy voet klop van pyn en dit begin reën. Eers val net 'n paar groot, lui druppels, maar gou reën dit al harder totdat water uit die lug uit stroom en die hele wêreld donker, koud en modderig maak. Wat gaan hy doen?



Vuyo is nou baie bang. Hy kan skaars beweeg. Hy is koud en deurnat. Kan hy miskien pad toe kruip? Toe, meteens sien hy twee hoewe wat met die skuinste af kom. Hy kan sy oë nie glo nie. Unam is besig om die karretjie versigtig te trek en te stoot totdat dit reg bokant hom is en hom teen die reën beskut. Wat 'n ongelooflike donkie!

Vuyo voel getroos en hoewel hy nog bang is, fluister hy vir Unam, 'Dankie, Unam, jy is so 'n wonderlike donkie. Ek is seker iemand sal ons binnekort kry.' Net toe begin Unam balk.

Intussen raak Vuyo se familie bekommerd. Omdat die storm erger word, besluit hulle om hom te gaan soek. Hulle hoor 'n harde gebalk en volg die klank totdat hulle Vuyo onder die karretjie langs die pad kry. Hy bibber van die koue maar hy is veilig. Vuyo is verlig om hulle te sien en sukkel onder die karretjie uit. Hulle sit hom op die karretjie. Hulle help Unam om die karretjie weer op die pad te trek en saam gaan hulle huis toe.

Vuyo se ma gee vir hom droë klere en 'n koppie warm tee in die bed. Thembisa lei Unam stal toe waar hy hom droog vryf. Hy gee hom ook sy gunsteling lekkerny, wortels, en vars, droë strooi waarop hy kan slaap.

Vuyo se eerste uitstappie mark toe op sy eie was omtrent 'n belewenis en selfs gevaarlik, maar Unam het hom beskerm. Vanaand sit hulle langs 'n warm vuur en almal stem saam oor hoe gelukkig hulle is om 'n donkie soos Unam, so sterk en slim, te hê. Vuyo het gelukkig net sy enkel geswik, en na 'n paar dae se rus sal hy gou reg wees om weer mark toe te gaan, danksy Unam.